AKADEMIA

AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*

## REKENAARWETENSKAPPE

PRETORIA

Akademia is ’n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2026 op die Pretoria-kampus ’n voltydse pos vir ’n dosent in Rekenaarwetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe beskikbaar.

### POSDOELSTELLING

’n Dosent is daarvoor verantwoordelik om hoëgehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. ’n Dosent streef daarna om as leier in ’n vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

### VERANTWOORDELIKHEDE

- Voorbereiding en dosering van die moduleinhoud
- Kurrikulumontwikkeling
- Navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- Opstel van assesseringsaktiwiteite in ’n kontakleeromgewing
- Akademiese gemeenskapsdeelname
- Lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

### POSVEREISTES

- ’n Meestersgraad in Rekenaarwetenskappe (kandidate met ’n honneursgraad en ervaring in onderrig of opleiding sal ook oorweeg word)
- Kundigheid en ervaring in die spesialisareas van datawetenskappe en/of sagteware-ontwikkeling
- Kennis van een of meer rekenaartale
- Gebruik van databasisse
- Kennis van sagteware-argitektuur, rekenaargrafika, en datawetenskappe
- Ervaring in versnitte leer (blended learning)
- Blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

### VAARDIGHEDE

- Sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- Interpersoonlike vaardighede
- Prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- Onafhanklik in ’n spanverband funksioneer
- Inisiatief kan neem en oplossingsgedrewe wees
- Beskik oor vermoë om werk onder druk te voltooi
- ’n Liefde vir Afrikaans hê
- ’n Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV’s sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 7 Augustus 2025 ingedien word.** Stuur ’n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.